Hoe om met ’n gasstofie te werk – rice crispie-koekies

Veilige hantering van ’n gasstofie is belangrik. Doen dit prakties deur Rice Crispie-koekies te maak.

? Stappe

1. Vertel aan die kinders van die gevare van gas.
   Moet nooit met gas werk as daar nie ’n volwassene naby is nie.
   Moenie met ’n gasstofie naby vuur werk nie.
   Maak seker dat die gas altyd toe is as die gasstofie nie gebruik word nie.
   Moenie die gas lank oophou, terwyl jy sukkel om die gasstofie aan die brand te steek nie.
   Laat ’n volwassene jou help as jy die leë gasbotteltjie wil omruil.
2. Maak nou die Rice Crispie-koekies.
3. Jy benodig: ’n gasstofie, vuurhoutjies, 15 ml botter, 5 malvalekkers, 1 koppie Rice Crispies, 2 ml vanielje, houtlepel en ’n kastrol.
4. Laat spanlede self die gasstofie aansteek. Laat een die vuurhoutjie trek, terwyl ’n ander die gas oopdraai. Beklemtoon dat hulle NOOIT die gas lank moet oophou en dan die vuurhoutjie trek nie. Vir kleiner kinders kan jy eers laat oefen om ’n vuurhoutjie aan die brand te steek. Verdeel die spanlede in groepe en sorg dat jy genoeg gasstofies het.
5. Smelt die botter in die kastrolletjie.

6. Gooi die malvalekkers in. Roer met die houtlepel totdat die malvalekkers gesmelt is.
7. Gooi die vanielje by en roer.
8. Haal die kastrol van die gasstofie af en roer die Rice Crispies by. Werk vinnig.
9. Draai die gas toe.
10. Skep lepelsvol van die mengsel in papierhouertjies uit.

☺ Wenke

1. Die gasstofie moenie te warm wees nie. Die malvalekkers moet stadig smelt.
2. Maak seker dat die gasstofie stewig staan.
3. Plaas die gasstofie op ’n beskutte plek anders gaan die kinders sukkel om die stofie aan die brand te steek.

☠ Waarskuwings

1. ’n Volwassene moet die heeltyd toesig hou. Kyk dat kinders nie die stofie omstamp nie. Maak ook seker dat hulle nie met die kastrolletjie brand nie.